HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 36 VAN 2020

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerders

Die jaar staan nou einde se kant toe.

Net so 'n paar gedagtes vir u oorweging:

1 Brug: Ons is nou 99% klaar en die laaste afronding moet gedoen word om aan al die vereistes te voldoen sodat die brug deur alle betrokke partye afgeteken kan word en ons hom in gebruik kan neem. Ek wil graag almal bedank vir hulle geduld in die dienspad.

2 Matriek Wiskundevraestel 2: Almal weet nou al reeds dat die vraestel, volgens media-berigte, uitgelek het voor die leerders begin skryf het. Niemand van ons skool was daarby betrokke nie. Ons sal nou moet wag om te hoor of die vraestel oorgeskryf gaan moet word. Aanduidinge is dat so 'n aankondiging vroeg in Desember deur die minister gemaak sal word. Ons hoop maar dat die uitlek 'n geïsoleerde insident was en dat ons matrieks nie weer die vraestel hoef te skryf nie. Ons sal laat weet sodra ons van iets te hore kom.

3 Beplanning vir 2021: Ons is druk besig met beplanning en werksverdelings is gedoen en die rooster is amper klaar. Ons waag verder ons hand aan 'n jaarprogram wat aanvaar dat 2021 'n normale skooljaar gaan wees. Ons sal in 2021 aanpas waar en hoe nodig, maar hoop werklik dat die Kovid-ontwrigting geminimaliseer kan word.

4 Personeel: Al ons vakatures vir 2021 is gevul. Ons advertensies op sosiale media is begroet met baie aansoeke en dit was 'n voorreg om met applikante op ons kortlyste onderhoude te kon voer. Dit was ook moeilik om keuses te maak gegee die kwaliteit van die aansoeke.

Ons nuwe personeel vir 2021 is:

- Me Nicola Toerien (*BSc Fisiese Wetenskappe met Wiskunde 3 & Fisika 3, NGOS*) vir Wiskunde
- Me Crista Smal (*BSc-Fisika, NGOS*) vir Wetenskap
- Mnr Lian Maritz (*BA-menslike Bewegingskunde met RTT-opleiding en -ervaring*) vir RTT
- Me Jeaneli Piso (*BCom Toerisme en Bemarkingsbestuur met Afrikaans 1, Engels 2 en NGOS*) vir Engels
- Me Zoë Calder (*BA-Hons Afrikaans & Nederlands, NGOS*) vir Afrikaans
- Mnr Tinus van der Merwe (*Verkoeling, Houtwerk, Elektries 2&3, formele sport-kwalifikasie te Boston Business College*) vir Tegnologie
- Mnr Luvan Viljoen (*B-Ed Geografie, Geskiedenis en Tegnologie*) vir MSW

5 Kovid-19 en eksamen: Aanvanklik was die reëling dat graad 12-leerders nie kon eksamen skryf indien hulle positief vir die virus getoets het nie. Ter elfde ure het die Departement besef dat hierdie reëling 'n kandidaat 'n hele jaar sou kos en is daar alternatiewelik 'n Kovid-sentrum by Nasrec ingeruim waar Kovid-positiewe gevalle onder

streng gekontroleerde omstandighede, vir die voorgeskrewe tydperk van tien dae na die positiewe diagnose, moet gaan inwoon en eksamen skryf.

Ons hoop dat ons matrieks, soos ons versoek het, 'n vlak-5-inperking handhaaf vir die volle duur van die eksamen. Niemand het die onnodige spanning van 'n positiewe diagnose nodig nie - veral nie die matrikulant wat eksamen moet skryf nie.

Die skool is ook gereed om in die ander grade 'n leerder wat positief getoets het, of tans in self-isolasie is, in 'n aparte isolasiesentrum te akkommodeer sodat hulle tóg hulle vraestelle op die gegewe tye kan skryf. Baie streng voorsorgmaatreëls geld in dié lokaal en ons versoek ouers se samewerking wanneer ons die vereistes stel. Diesulke leerders kom ook later skool toe en mag glad nie tussen ander kinders staan en gesels of kuier nie. Hulle beweeg direk na die eksamenlokaal en daarna weer direk huis toe.
Mnr Vosloo gee die reëlings deur waar nodig. Skakel dus direk met hom in geval die leerder positief toets of in self-isolasie moet wees.

6 Ons nuutste Kovid-statistiek sien as volg daaruit:

Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		November (eksamen)					November (eksamen)				
Datum		9	10	11	12	13	16	17	18	19	20
Perso-neel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Siekverlof (nié Kovid-19-verwant)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Gewone verlof	2	2	2	3	4	1	1	1	1	1
Leer-ders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5
	Herstel van Kovid-19	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	1	2	3	2	7	2	4	2	2	2
	Afwesig ander rede	3	2	2	1	1	0	1	1	2	1
TO-TAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6
	Herstel van Kovid-19	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	1	2	3	2	7	2	4	2	2	2
	Verlof/Afwesig ander rede	5	4	4	4	5	1	2	2	3	2

Ons moet weer daarop wys dat Kovid-gevalle tans weer aan die toeneem is en dat ons pleit dat almal sal hou by veiligheidsmaatreëls ten einde elkeen se risiko om die virus op te doen, effektief te verlaag.

7 Jaarblad: Dié 2020- jaarblad sal in 2021 aan almal wat bestel het uitgereik word. Daar word tans nog hard gewerk om die inhoud en foto's te finaliseer en drukwerk sal eers later gedoen kan word.

8 Interne eksamen: Daar heers plek-plek 'n persepsie dat alle leerders vanjaar outomaties gepromoveer gaan word na hul volgende grade. Ons moet dringend waarsku dat dit nie die geval by ons skool is nie en dat leerders sal moet voldoen aan die normale promosiekriteria alvorens hulle na die volgende graad sal vorder.

9 Sport- en kultuuraktiwiteite: Ons wys weer daarop dat oefeninge onder streng Kovid-regulasies kan voortgaan. Dit is egter nou eksamen en dit is beslis die prioriteits-aktiwiteit by die skool.

Ons hou duim vas dat elke leerder goed in die eksamen sal presteer en dat vanjaar se "Google Classroom" inisiatief daadwerklik 'n bydrae gelewer het.

Vriendelike groete.



P Booysen: Hoof